

Skriflesing: Josua 9:1-18

Teks: **Josua 9:14**

Sing- Ps. 145:1,10,11; Ps. 34:5,6; Ps. 25:1,2

Josua 9:1-18

- Jos 9:1** En toe al die konings wat wes van die Jordaan woon op die Gebergte en in die Laeveld en aan die hele kus van die Groot See na die kant van die Líbanon toe: die Hetiete en Amoriëte, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete, dit hoor,
- Jos 9:2** het hulle bymekaargekom om soos een man teen Josua en Israel te veg.
- Jos 9:3** Maar toe die inwoners van Gíbeon hoor wat Josua met Jérigo en met Ai gedoen het,
- Jos 9:4** het hulle ook met lis gehandel: hulle het gegaan en hulle as boodskappers aangestel en verslyte sakke op hulle esels geneem en verslyte wynsakke wat geskeur en weer toegebind was;
- Jos 9:5** ook verslyte en gelapte skoene aan hulle voete en verslyte klere aan hulle lyf; en al die brood van hulle padkos was droog en verkrummeld.
- Jos 9:6** So het hulle dan na Josua gegaan in die laer van Gilgal en aan hom en die manne van Israel gesê: Ons kom van 'n ver land af; sluit dan nou 'n verbond met ons.
- Jos 9:7** Maar die manne van Israel het aan die Hewiete gesê: Miskien woon julle onder ons; hoe kan ons dan 'n verbond met julle sluit?
- Jos 9:8** Toe sê hulle vir Josua: Ons is u dienaars! Daarop het Josua hulle gevra: Wie is julle, en waar kom julle vandaan?
- Jos 9:9** En hulle sê vir hom: U dienaars kom van 'n baie ver land af, vanweë die Naam van die HERE u God; want ons het die gerug van Hom gehoor, en alles wat Hy in Egipte gedoen het;
- Jos 9:10** en alles wat Hy aan die twee konings van die Amoriëte oorkant die Jordaan gedoen het, aan Sihon, die koning van Hesbon, en Og, die koning van Basan, wat in Astarot was.
- Jos 9:11** Daarom het ons oudstes en al die inwoners van ons land met ons gespreek en gesê: Neem padkos met julle saam vir die reis en trek hulle tegemoet en sê aan hulle: Ons is julle dienaars, sluit dan nou 'n verbond met ons.
- Jos 9:12** Ons brood hier—warm het ons dit as padkos uit ons huise geneem, die dag toe ons uitgetrek het om na julle te gaan—kyk maar, nou het dit droog en verkrummeld geword.
- Jos 9:13** En die wynsakke hier wat ons as nuwes volgemaak het—kyk maar, hulle is geskeur; en ons klere hier en ons skoene—hulle is verslyt deur die baie lang reis.
- Jos 9:14** Toe neem die manne van hulle padkos; maar die mond van die HERE het hulle nie geraadpleeg nie.
- Jos 9:15** En Josua het met hulle vrede gemaak en met hulle 'n verbond gesluit, dat hy hulle sou laat lewe; en die owerstes van die vergadering het hulle dit met 'n eed beloof.
- Jos 9:16** Maar aan die einde van drie dae, nadat die verbond met hulle gesluit was, hoor die volk dat hulle in hul nabyheid en tussen hulle in woon.
- Jos 9:17** Die kinders van Israel het naamlik weggetrek en op die derde dag by hulle stede gekom; en hulle stede was: Gíbeon en Kefíra en Béërot en Kirjat-Jeárim.
- Jos 9:18** Maar die kinders van Israel het hulle nie verslaan nie, omdat die owerstes van die vergadering vir hulle gesweer het by die HERE, die God van Israel; die hele vergadering het toe teen die owerstes gemurmureer.

Skriflesing: Josua 9:1-18

Teks: **Josua 9:14**

Sing- Ps. 145:1,10,11; Ps. 34:5,6; Ps. 25:1,2

In ons kerklike lewe, ons persoonlike lewe, ons volkslewe, broeder en suster van watter kant ons ook hierna mag kyk, daar is altyd vir ons bedreiging. Dit is ook nie 'n bedreiging wat ons van eenkant raaksien nie, ons as kerk en as Afrikanervolk spesifiek ook in die volgorde

moet bedag wees en weet bedreiging kom van twee kante. Daar is altyd die bedreiging van buite. Dit wat vyande buite die kerk mee besig is. Hulle aanvalle kom van buite.

Op so 'n bedreiging was daardie 486 Afrikanermans, 3 Engelse, 60 swartes en ook 'n onbekende aantal Kleurlinge in Desember 1838 deeglik van bewus. Al die mense aan die Voortrekkerkant was bewus van hulle eie geringheid en die ontsaglike mag wat daar besig is om teen hulle op te bou om hulle geheel en al uit te roei. Hulle sou in Des 1838 terugkyk op 'n jaar waar hulle al honderde vroue en kinders verloor het. Die bedreiging van buite hou net nie op nie.

Vir die Voortrekkers maar ook vir ons wat vandag Geloftedag vier, broeder en suster, ons besef tesame met die bedreiging wat van buite kom, het ons volk te make met 'n bedreiging wat van binne kom. In ons eie midde staan ons as volk meer bedreig as wat dit seker nog ooit in die geskiedenis van die Afrikaner die geval was.

Ja, die Voortrekkers het ook hulle geweldige verskille onder mekaar gehad. Die feit dat genl. Andries Hendrik Potgieter nie by die slag van Bloedrivier was nie, was oor ons mense mekaar so maklik kan beskuldig en verwyt, ons word so maklik kwaad vir mekaar, dan loop ons ons eie koers, stig ons eie party, maak persoonlike geskille soms kerklike verskille en kan selfs hoog opgee om hierdie verskille te regverdig. Ek noem maar net die tragiese by die slag van Italeri. Die voortvarende Uys het roekeloos 'n hinderlaag ingery, die versigtige Potgieter het sy kommando laat terugtrek. Uys en sy seun Dirkie en hele ander paar manne sneuwel tragies. Die res kom ternouernood uit. Wat doen hulle onder mekaar. Potgieter word beledig en kry sy kommando sommer die skeldnaam, die Vlugkommando. Onderlinge twis wek soveel bitterheid, dat Potgieter daar en dan besluit dat Natal sien hom nie sien nie. Ons sou hierop kon uitbrei...

Genl. Potgieter en genl. Maritz en hulle volgelinge het al in 1837 'n onderlinge verdeeldheid en leierskapstwis opgetel. Sterk leiers wat mekaar kan uitdaag. Ons voorouers veg onder mekaar oor die aanvaarbaarheid van Erasmus Smit as hulle predikant. Ja, ons kan die Voortrekkerleiers een vir een vat, hulle persoonlikheidstrekke en dit word 'n wenresep vir spanning want het ons te doen met Potgieter se onversetlikheid, saamgereken met 'n beginsel waar hy gewerk het met berekende versigtigheid, Piet Uys was 'n voortvarende leier, Piet Retief kom met die gedagte van diplomاسie, aanpasbare diplomاسie, onderhandelinge kan

dinge regmaak, en Maritz op sy beurt het 'n wetsgetroue en barmhartigheid-aanslag. Op sigself eienskappe wat mooi kan wees, selfs gawes wat as dit reg gebruik word in die koninkryk en in die kerk en in die volk baie waardevol kan wees, maar het ons as Afrikaner al ooit dit kon regkry om spoed en diplomاسie, versigtigheid en berekendheid, wetsgetrouheid, barmhartigheid te laat harmoniseer, ek dink nie so nie.

Ja, geen volk het dit nog kon regkry nie, want as ons die Kategismus bely dat die mens in homself korrup is, van nature geneig is tot twis en haat, wat van die enkele mens gesê moet word, geld net soveel vir 'n volk as daar nie in Christus verandering kan kom nie, dan sal die mens nie anders kan wees nie (Sondag 2 van die Kategismus is nie net vir enkelinge opgestel nie, maar is ook vir volke om dit te lees en dit te bely...)

Bittere verskille, bittere verwyte, bittere verdeeldheid, dit moet ons ongelukkig konstateer, hierdie verskille wat ons as volk onder mekaar het, sal nie help om soetsappige verskonings te soek van ons is maar so en so sal dit altyd wees nie. Kyk maar hoe gaan dit in ons verband van kerke bekend as die GKSA. Onder behoudende Afrikaners op 'n plek soos Orania is daar twee Gereformeerde kerke... wat sê dit?! Sekerlik enkele kilometers van mekaar. Ons behoort in skaamte te kyk oor wat besig is om oor die Afrikaner te spoel. Ons is so verdeeld en uitmekaargejaag, wat bind ons nog aanmekaar. Selfs die Gelofte het vir baie van ons mense lyk my 'n soort van verleentheid geword, dit word as soort van turksvy in die hande gevoel, baie fyn dorinkies wat mense maar eerder wil vermy.

Toe ons God se Woord in Josua 9 lees, broeder en suster, dan sien ons baie van die dinge wat ons in eie midde erken. Die dreigende gevaar van 'n aanval van buite. Die Gibeoniete probeer met skelmstreke en bedrog 'n vastrapplek in die midde van die volk te verkry. Dit wat 'n wesentlike gevaar van buite was, maar vers 18 stel dit wat ons sterk kon aantoon dat die onmin en twis binne eie geledere was ook in Josua 9...*die hele vergadering het toe teen die owerstes gemurmureer*. Wanneer ons hierdie dinge raaksien, ons erken die gevare en dreiging van buite, dinge wat in ons kerklike lewe, ons volkslewe, ons persoonlike lewe dreig, maar ons soek ook antwoorde vir dit wat ons in ons eie midde tref. Hoe ons onder mekaar kan baklei en twis, dan is die vraag is daar 'n antwoord. Ja, broeder en suster, ons moet net besef dat wat Josua 9 ons openbaar vir ons tot groot voordeel kan wees, want het die volk besluite wou neem sonder dat hulle werklik vir God geraadpleeg het. Uit die verkeerde van Josua 9 moet ons die regte haal. As besluitvorming plaasvind dan moet dit plaasvind aan

die hand van God se Woord. God moet in ons besluitneming geraadpleeg word, dan gee die Here die antwoorde. Dan sou Israel nooit oorgekom het dit wat in Josua 9 gebeur het nie. Die regte besluitvorming het eintlik drie dinge tot gevolg wat ons op 16 Des 1838 duidelike trekke kan sien. Besluitvorming waar ons God raadpleeg voorkom verkeerde besluite. Besluitvorming waar God geraadpleeg word bring en bewerk ware eenheid. Besluitneming waar God geraadpleeg word waarborg die leiding van die Heilige Gees. Wonderlike wanneer die regte besluite kom want daar is vooraf reg met God gewerk, God is geraadpleeg. Dit is so belangrik, ons teksverse stel dit letterlik- die mond van die Here moet geraadpleeg word- van Israe lees ons dat *hulle het die mond van die Here nie geraadpleeg nie...*

Dit is wat 16 Des 1838 ons duidelik na heenlei. Daar is vooraf worstelend, biddend, ernstig afhanklik voor God gepleit. Ons weet die gelofte is eintlik biddend vir dae na God gebring. God word duidelik geraadpleeg. Die besluit tot 'n gelofte is al op Danskraal geneem. Sondag 9 Des 1838 is die Gelofte al die eerste keer te Wasbank gebid, as deel van daardie Sondagoggend se erediens. Die Gelofte was nie soseer 'n openlike verklaring nie, maar dit was gebedstaal, so skryf Pretorius dat *“in het openbaar gebed beloofd...”* Vanaf 9 Des is die Gelofte elke aand tydens die laergodsdienste tot op die 15de Des herhaal. Die strekking was elke keer dieselfde. Daardie mense was almal diep onder die indruk dat God is ten volle geraadpleeg. Daar is net Een wat ons waarlik kan help en Hy is die Here!

In Josua 9 is dit asof die volk alles reg doen maar die belangrikste wat hulle moes doen, dit het hulle nie gedoen nie. Om die Here te raadpleeg. Ons het die geskiedenis hier gelees hoe die dreigende oorlog, die gevaar van buite teen Israel bestaan. En dan kom daar 'n groot slenter. Mense wat maak asof hulle van 'n vêr land kom, stukkende klere, opgebruikte wysakke, gelapte skoene, ou, droë verkrummelde brood, Israel sien dit alles, min besef hulle maar hierdie is opgemaak, is aangeplak, is alles toneelspel dat Israel se soldate hulle nie moet sien vir wie hulle waarlik is nie. Vyande van die volk wat hulleself versteek om soos behoeftige onderdane hulle ondergeskiktheid aan Israel te kom gee. Die diplomatiek word fyn uitgespel. Josua en die manskappe luister aandagtig, wonderlik dat hierdie mense nou ons kom opsoek. Almal luister aandagtig, veral toe hierdie kamtig vêr mense Israel se lof besing en al die oorwinnings van Israel word erken, dit is mos lekker om dit te hoor. So het dit daar gegaan. Josua en sy manne hou van wat hulle hoor. Hulle voel baie geneë om met sulke mense die mooiste verhoudinge aan te gaan, ons gaan met hulle 'n verbond sluit, 'n vredesverdrag word dit ook genoem.

Josua en sy generale staf vat alles nog 'n stap verder. Hulle moet nie oorhaastig besluit nie, want netnou maak ons 'n fout, daarom was daar 'n kommissie van ondersoek. Selfs 'n kommissie, maar die Here word nie geraadpleeg nie. Nee, hierdie kommissie het selfs na die mense se padkos gekyk. In ons teksverse staan *hulle neem van die padkos*, letterlik staan hier hulle het van die padkos, van die brood geproe. Hulle het geluister, hulle het gekyk, hulle het geproe maar hulle het God nie geraadpleeg nie. Besluitvorming sonder raadpleging kan die wêreld omkeer... Die kommissie se aanbeveling aan Josua was en almal stem met dit in dat ons kan maar met die verbond voortgaan. Dit word met 'n eed aan mekaar belowe. Alles word fyn en in besonderhede afgehandel, selfs 'n eed teenoor mekaar word afgelê, maar die mond van die Here het hulle nie geraadpleeg nie.

En toe gebeur dit, drie dae later kom die hele bedrog na vore. Dan is dit te laat. Hulle het hierdie bedreiging van buite sonder die Here tegemoetgegaan. Dit was toe glad nie mense wat van vêr kom nie, hulle is van naby, hier sommer naby ons, deel van ons vyande, maar ons het klaar met hulle 'n ooreenkoms gesluit wat nie herroep kan word nie! Dit is 'n verbond wat nie gebreek kan word nie. So mag daar nie gemaak word as daar 'n eed afgelê is nie, selfs al is ons bedrieg.

En dan staan die verkeerde besluit nie geïsoleerd nie, want sonder die Here sal 'n mens baie maklik verkeerde besluite kan neem, maar die verkeerde besluit bring die bedreiging in eie geledere na vore. Die hele volk is kwaad vir hulle leiers. Daar kom twis in die laer. Julle is manne wat veronderstel is om ons te lei, vroom manne, maar nou... Nou het julle op eie insig en eie kennis staatgemaak, julle het gedink dit is nie nodig om met die Here hieroor te praat nie. Julle het God nie in die saak geken nie. Sy stem, sy mond, ja die mond van die Here is vir ons niks anders as die Woord van die Here nie, julle het nie die Woord van die Here geraadpleeg nie. God se stem (sy mond) het geen gewig gedra nie en dit is wat ons nou het, uitoorlê en bedrieg, gebind aan 'n verbond waarmee ons die nageslagte tot in die verse geslagte gebind het. Dit was nie maar 'n oorsien fout nie, dit is fataal, fataal om sulke gewigtige besluite te wil neem, maar God word nie geken nie, God se mond word nie geraadpleeg nie. Die Gibeoniete, 'n heidense kol onder ons volk is permanent hier... gekom om te bly...

Die fout wat Israel en die leiers van Israel gemaak het, broeder en suster, die genade van 16 Des 1838 is dat ons voorouers by Bloedrivier nie hierdie fout, hierdie sonde herhaal het nie. Die rede hoekom ons vandag nog dankbaar hierdie dag in herinnering roep is enkel en alleen vanweë die feit dat ons voorouers God geraadpleeg het, hulle hulle besluitneming geheel en al aan God die eer wou gee. Die oorwinning, die dankbaarheid, daarin is God geraadpleeg. Die Here het hulle in hulle nood gehoor, die Here het die oorwinning gegee, daaraan kan ons vashou.

Al staan ons as volk vandag op so baie terreine in skuld en sonde blootgestel, die Here word getart deur wat in die land aan die gang is. 'n Mens het eintlik weer met die dood van Nelson Mandela gesidder om te hoor hoe daar gemaak word asof alle godsdienste gelyk is. Die ander se gode word ook maar gesien as sou dit reg wees om almal as gelyk en dieselfde te beskou. Die ophef wat daar van 'n enkele mens gemaak kon word, asof hy sterflike stoflike sondaarmens nou se verlosser is, is eenvoudig nie te versoen met wat die ware God ons leer wanneer die ware God geraadpleeg word nie. Dit is 'n gruwel voor die ware God om so te maak. Om te dink ons kan Hom, die Here raadpleeg maar die ander het net soveel reg om hulle gode te raadpleeg. Solank dit gebeur en daar gemaak word asof dit maar so mag wees sal hierdie land in die ellende wat ons reeds in is net dieper en dieper wegsink.

Almal moet hoor daar is net één God, die ware God, die Drie-Enige God wat op hierdie dag die eer moet kry met wat in ons voorgeslagte gebeur het, die oorwinning wat daar was, maar terselfdertyd moet ons in diepe ootmoed erken ons is besig om heeltelmal in die land die spoor byster te raak. So baie van ons mense is totaal verdeeld en verward en verdwaald, ja dinge wat met ons voorouers gebeur het, daar was ook verdeeldheid, maar sulke verdwaaldheid was daar nie soos wat dit nou amper algemeen geword het om maar goed te praat en saam te praat die sieklike tydsgees wat mense wil goedpraat nie.

Om waarlik kerk te wees beteken tog jy moet ware kerk wees, dan is daar net een manier om God te raadpleeg en dit is deur Jesus Christus. Hierin is Jesus as Mens wéér die volmaakte voorbeeld. Hoe het Hy sy Vader geraadpleeg. In alles het Hy na die mond van God wou gaan. Na God het Hy geluister, met die mond van God het Hy gepraat. By die keuse van sy dissipels, by die genesings, orals en altyd, ja selfs aan die kruis op Golgota is die Vader geraadpleeg. As daar in Josua 9 staan die volk het vergeet om die mond van die Here te raadpleeg dan besef ons vandag dit is die laaste ding wat 'n kind van die Here mag vergeet.

Ons weet God se mond is naby ons wanneer ons die Bybel lees, ons moet altyd God met die groot dinge en die klein dinge in ons lewe raadpleeg, op Hom moet ons vertrou. Wie die Here raadpleeg kan verwag die Here sal hom/haar lei en help. Hy het dit by Bloedrivier gedoen, hoekom sal Hy nie op grond van dieselfde beloftes dit nie ook vir jou en my doen nie. Dit moet geglo word. Soos Josua vir Eleasar as hoëpriester moes ken, ja Josua het nagelaat voor hulle nog die Gibeoniete geglo het moes hy eers met Eleasar gepraat het want Eleasar was vir hom die een wat namens God kan praat. God het Eleasar tog daarvoor aangestel.

Ons Voorspraak, die Een met Wie ons in die Heilige Gees na God kan gaan, ons Eleasar is nie maar net 'n mens nie, Hy is God wat mens onder ons was, Hy wat God is weet wat dit is om mens te wees, daarom moet Hy in alles geraadpleeg word. Dit is Hy Wie op 16 Des 1838 ons verhoor het. Deur sy Gees het Hy alles gelei. Laat ons Hom in die tyd smee dat dinge in ons land weer anders kan wees, God gerig kan wees, maar dan moet ons anders word. Dan moet ons Hom raadpleeg dat daar werklik verdieping en geestelike groei kan plaasvind, want besef ons die mees oppervlakkigste kerkwees en mense se beskouing oor Wie God is was daar nog nie tevore in die land na 1652 nie. Alles behalwe in 1838, maar waar staan ons nou...?

AMEN